

# 'n Mamma se storie

Annemarie Burger

[joanb@ezezweeng.co.za](mailto:joanb@ezezweeng.co.za)



Die volgende storie is vir my 'n persoonlike suksesstorie wat my jare se skuldgevoelens en verwyte tot 'n einde gebring het. Met my oudste seuntjie, Louis se geboorte, was ek 'n enkelma sonder werklike leiding. Ek was ma en pa en om die pot aan die kook hou, was eerste prioriteit. Hy was nege maande oud toe ek eers weer regtig net sy mamma kon wees, hy het toe eers begin kruip, maar vinnig begin loop. Naief soos ek was, het ek gedink daar was geen skade nie en het die skuldgevoelens vir eers gebêre en net probeer om die beste ma te wees as wat ek kon.

Hy was vier jaar oud toe die eerste juffrou my inroep om al sy tekortkominge met my te deel. Stil sit en konsentrasie was die klagtes, ek het hom vir evaluering gevat by die arbeidsterapeut. Sy het 'n donker verslag saamgestel met dinge soos moontlike ADD; tassensitieweit; ouditieweprosessering probleme; sensoriesemodulasie-probleme en 'n ooraktiewe neurologiese sisteem; en die lys gaan net aan. Ek het oefeninge gedoen en speletjies met hom gespeel, hom geborsel en mond massering gedoen. Dit alles het gehelp tot nou weer in sy graad R jaar. Hy verjaar in November en sy klas onderwyseres het aanbeveel dat hy die jaar oordoen sodat hy emosioneel gereed word vir skool, omdat hy net drie weke van sy graad R jaar ses was. Ek het verstaan waar sy vandaan kom, omdat Louis elke dag as hy uit die klas kom gehuil het sy kop is seer, hy het 'n bril gekry, maar die huilery het nie op gehou nie. Hy het saans bed natgemaak en die dokter het gesê dat sy niks fout kan sien met sy blaas nie, hy word net nie wakker om toilet toe te gaan nie. Sy konsentrasie was ook nog 'n probleem en sy geheue was swak.

In my BabaGim kurses het ek besef watter inpak my onkunde op my kind gehad het. As ek maar net van BabaGim geweet het daardie tyd dan was my kind se probleme dalk nooit 'n kwessie nie, maar die vegter wat ek is, het ek besluit dit is nooit te laat nie! Ek het dadelik begin antwoorde soek. Hy het in Desember gegaan vir 'n skoolgereedheids toets en dit geslaag, maar as 'n kind met gemiddelde potensiaal wat Ritilen sal moet neem en arbeidsterapie moet kry. Ek het die skool gaan sien en saam is besluit om aansoek te doen vir uitstel vir Graad 1.

Nogtans was ek nie tevrede met die uitspraak wat gefel is nie en het ek my BabaGim boekie en Mind Moves boekie begin bestudeer. Daar vind ek toe my antwoord en my oplossing, MELODIE JY IS 'n DORING!!

Dit wat hy hoor word nie reg verwerk in sy brein nie, sy seine is deurmekaar en sy neuropaadjies is swak. Om by te bly het ander dele meer ontwikkel net om die las te kan probeer verwerk, maar die nodige seine het verlore gegaan. Sy blaas laat nie sy brein weet dat dit tyd is om die kind wakker te maak nie, sy brein kan nie onderskei tussen belangrike en onnodige informasie nie en die verwerking daarvan nie, daarom kan hy ook nie goed onthou as jy vir hom meer as een ding op 'n slag sê nie.

Ek het ook adisionele hulp gekry; **Omega 3 & 6**. Ek het laas jaar ook vir hom omega 3 gegee, maar ek het geen verandering gesien nie, die dosis was te laag om werklik 'n verskil te maak. Ek het op Vital se webtuiste in gegaan en op die suiwer kombinasie van Omega 3 & 6 af gekom.

### **Omega 3 & 6:**

Soos ons in BabaGim geleer het, is miëlien 'n witstof wat bestaan uit vet en proteïene, die Omega 3 & 6 is 'n aanvulling juis vir die vorming van miëlien want ons kinders neem dit nie regtig in of genoeg daarvan in as wat nodig is deur normale inname van kos nie.

\*Bestaande uit:

Flaxseedoil, Salmonoil, Starfloweroil

\*Omega 3 word as natuurlike hulpmiddel aanbeveel vir verbetering van geheue, konsentrasie, ADD, ADHD, Schizophrenia, ligte depressie, Alzheimers, Parkinsons, oog en vel gesondheid, Kardiovêskulere gesondheid die lys gaan aan en aan. Dit word ook aanbeveel vir swanger vrouens vir die ontwikkeling van baba se brein.

Omega 6 help weer met verlaging van cholesterol en bloeddruk, versterk immuunsisteem ens.

Ek het sommer dadelik begin met die kurses van 1000mg 'n dag wat veilig is vir tot 3000mg per dag. Die verandering in my kind is merkwaardig, hy konsentreer beter, hy onthou alles, hy het nie meer enige sigbare probleme nie. Noudat ek sy volle aandag het werk al die Mind Moves op hom, sy skoolwerk het 100% verbeter, hy tel tot by 100 waar hy nie eens kon onthou wat na 19 kom nie. Hy maak nie meer bed nat nie, glo my ek het trane in my oë gekry die eerste aand toe hy opstaan in die middel van die nag om toilet toe te gaan, Sy onderwyseres sê hy wil nou leer en hy soek net meer en meer, hy sit stil en gee aandag in die klas en skool en sy lewe is weer vir hom iets om opgewonde oor te wees!

So ja, my kind sou dalk nou op Ritilen gewees het en terapie moes kry vir 'n probleem wat nooit regtig 'n probleem moes wees nie. Eers toe ek die werking van sy brein verstaan het, kon ek die oplossing soek. Ek sê nie dat al sy ontwikkelingsprobleme oor is nie en ek sal hom weer vat vir 'n evaluasie, maar al die groot sigbare probleme is verby. Dit kon erger gewees het so ek sê dankie vir Melodie se BabaGim en Mind Moves, en Omega 3 & 6. Prys die Here ek het weer 'n gesonde kind met selfvertroue wat oop is om te leer en wil leer!! Moenie bekommerd wees nie kleinboet is sommer ook op alles net vir ingeval.

[www.babygym.co.za](http://www.babygym.co.za)